Kersfees

25 Desember 2020 09:00

In isolasie tydens nasionale staat van inperking

kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Verstom en by woorde verby

Skriflesing: Lukas 2:22-40

Broodjies vir die pad

"Oh, how one wishes sometimes to escape from the meaningless dullness of human eloquence, from all those sublime phrases, to take refuge in nature, apparently so inarticulate, or in the wordlessness of long, grinding labor, of sound sleep, of true music, or of a human understanding rendered speechless by emotion!"
— Boris Pasternak, Doctor Zhivago

"We are perishing for lack of wonder, not for lack of wonders."
— G.K. Chesterton

"People who've had any genuine spiritual experience always know that they don't know. They are utterly humbled before mystery. They are in awe before the abyss of it all, in wonder at eternity and depth, and a Love, which is incomprehensible to the mind."
— Richard Rohr

"If our life is poured out in useless words, we will never hear anything, never become anything, and in the end, because we have said everything before we had anything to say, we shall be left speechless at the moment of our greatest decision."
— Thomas Merton, Thoughts in Solitude

"Christmas is built upon a beautiful and intentional paradox; that the birth of the homeless should be celebrated in every home."
— G.K. Chesterton, Brave New Family: G.K. Chesterton on Men and Women, Children, Sex, Divorce, Marriage and the Family

"To feel the love of people whom we love is a fire that feeds our life."
— Pablo Neruda

"The divine origins of Jesus are, to be sure, just as fictional or mythological as those of Octavius. But to claim them for Octavius surprised nobody in that first century. What was incredible was that anyone at all claimed them for Jesus."
— John Dominic Crossan, Jesus: A Revolutionary Biography

The Lord did not come to make a display. He came to heal and to teach suffering men. For one who wanted to make a display the thing would have been just to appear and dazzle the beholders. But for Him Who came to heal and to teach the way was not merely to dwell here, but to put Himself at the disposal of those who needed Him, and to be manifested according as they could bear it, not vitiating the value of the Divine appearing by exceeding their capacity to receive it.
— Athanasius of Alexandria, On the Incarnation

Only the humble believe him and rejoice that God is so free and so marvelous that he does wonders where people despair, that he takes what is little and lowly and makes it marvelous. And that is the wonder of all wonders, that God loves the lowly…. God is not ashamed of the lowliness of human beings. God marches right in. He chooses people as his instruments and performs his wonders where one would least expect them. God is near to lowliness; he loves the lost, the neglected, the unseemly, the excluded, the weak and broken.
— Dietrich Bonhoeffer, God Is in the Manger: Reflections on Advent and Christmas

It is good to be children sometimes, and never better than Christmas, when its mighty Founder was a child Himself.
— Charles Dickens

Desember 2020

Die jaar het in homself in ingesink,
die tyd het uitgevloei en ingekrimp
met alles bleker en stiller in die oë bo
die maskers en hande wat ontwykend wink.

Maar infrastruktureel stu alles voort,
onstuitbaar en geprogrammeer tot wins
in 'n feestyd leeg van herkoms en sin
met kleure en klanke swaar op die oog en die oor.

Koue winterrooi, ysgroen en silwerwit,
merk die hele maand in hierdie land.
Oral, oral, aanhoudend en in vreemde ritmes,
dawer al die mooi ou liedere. My gees word blik.

Maar die aarde self maak haar hart en liggaam steeds oop
om die as en die oorskot van die afgestorwenes te ontvang en te genees, hier waar die somersonlig
heuningkleurig is en mens in helderte oopoog kan bid en hoop.

Heilna du Plooy (12 Desember 2020)

"I used to be very fond of thinking up and buying presents, but now that we have nothing to give, the gift God gave us in the birth of Christ will seem all the more glorious; the emptier our hands, the better we understand what Luther meant by his dying words: "We're beggars; it's true." The poorer our quarters, the more clearly we perceive that our hearts should be Christ's home on earth. (Letter to fiancée Maria von Wedemeyer, December 1, 1943)"
— Dietrich Bonhoeffer, God is in the Manger: Reflections on Advent and Christmas

"Early-stage religion is largely preparing you for the immense gift of this burning, this inner experience of God, as though

creating a proper stable into which the Christ can be born. Unfortunately, most people get so preoccupied with their stable, and whether their stable is better than your stable, or whether their stable is the only "one, holy, catholic, and apostolic" stable, that they never get to the birth of God in the soul. There is no indication in the text that Jesus demanded ideal stable conditions; in fact, you could say that the specific mentioning of his birth in a "manger" is making the exact opposite point. Animals at least had room for him, while there was "no room for him in the inn" (Luke 2:8) where humans dwelled.
Richard Rohr, Falling Upward: A Spirituality for the Two Halves of Life

"We face a similar choice each Christmas, and so each Advent is a time of repentance for the past and change for the future. Do we think that peace on earth comes from Caesar or Christ? Do we think it comes through violent victory or nonviolent justice? Advent, like Lent, is about a choice of how to live personally and individually, nationally and internationally."
— Marcus J. Borg, The First Christmas: What the Gospels Really Say About Jesus's Birth

"If you take Christmas to heart and get past the anxieties in arranging for gifts and parties, you will rediscover yourself every year at this time and experience a birth in yourself, just like the one so beautifully described in the Gospel stories. It will be a celebration of both the birth of Jesus and the birth of your soul"
— Thomas Moore

Brood vir die pad

Oujaar 1959

Pieter van der Westhuizen in die Strand, Desember 2020

In 'n onlangse "Kerkbode" vertel Dana Snyman van die middernagdienste wat hy as pastoriekind altyd op oujaarsaande moes bywoon. Die middernagdiens op oujaarsaande was ook deel van my grootwordjare. Die laataand aantrek van jou kerkklere, na 'n aand van lekker eet en lekker kuier voor die radio. Ek onthou nog die "Mielieblaarklub", "Jan Salie" en "Haans en Maans". Ook die lekker Boeremusiek. Kerkklere het vir die meeste van ons arm kinders skooldrag beteken. As jou pa in die kerkraad gedien het, was dit vir hom manelpak of minstens swart pak en wit das.

Daar was destyds mos spesiale kerkraadsbanke met ouderlinge links van die gehoor en diakens regs. In Langlaagte se Abraham Krielkerkgebou het die ouderlinge en diakens ook deur aparte deure uit die konsistorie die kerk binnegekom. Terwyl hulle plegstatig, soos Ford- en Chev-sedans op onafhanklike vering hulle plekke inneem, staan die dominee, swetend onder sy swart toga, by die onderste trappie van die preekstoel, met toe oë en bewegende lippe 'n gebed en prewel. As almal op hulle plekke staan, gaan die kerkraad soos een man tegelyk sit. Behendig vee die ouer broers, wat nog manelle gedra het, dan hulle manelpante met een netjiese handbeweging onder hulle sitvlakke in. Ja-nee, die stylvolle dra van 'n "gatjapon," soos die Doppers gespot het, het nie verniet die Gatjieponders hulle bynaam besorg nie.

Op oujaarsaand 1959 stap ons gesin toe weer in volle kerkgewaad net na elf by ons voorhekkie uit op pad na die middernagdiens. Ons was al by die einde van die straat, by Bergerhuis, die weeshuis se koshuis vir senior seuns, toe Chris, my een ouer broer, skielik hard begin lag en in die straatlig vir ons pa sê: "Pa ry op Pa se rims. Pa het Pa se tanne vergeet".

Daar was eers 'n effense konsternasie onder die straatlamp. Toe besluit Pa dat ons solank stadig sou aanstap terwyl Chris hardloop en die tande gaan haal. By die klein hekkie in die kerk se heining haal hy ons toe uiteindelik in. Kunsgebit netjies in sy ouderlingmond kan Pa toe die konsistorie betree.

Van die diens kan ek min onthou. Ek weet net die kerk was taamlik leeg want die weeskinders was almal na hulle vakansie-ouers of "vremies", soos die weeskinders hulle genoem het, en baie van die spoorwegmense was met hulle jaarlikse vrypas per trein iewers by die see. Die dominee het gepraat oor die dekade wat verby is en die onseker jare sestig wat voorlê. Ek onthou ook dat ou vet tannie Smal en haar plankdun seun, Jan – die breë weg en die smal weg – voor ons gesit het.

Pa is toe die ouderling wat die oujaar se ligte in die konsistorie moes gaan afskakel en na die twaalf slae van die kerkklok weer aanskakel. Toe hy opstaan en statig na die konsistoriedeur stap sê Chris, hard genoeg vir ons ander om te hoor: "Amper nie 'n bang tand in sy bek nie".

Die hele gesin begin dadelik te giggel. Gelukkig is dit donker en kan die dominee ons nie sien nie. Met 'n somber stem lees hy toe by flitslig die lys name van diegene wat gedurende die jaar ter siele is. In 'n ligter toon vervolg hy met die naamlys van babas wat daardie jaar in die gemeente gebore is. Die klok begin slaan. Na die twaalfde slag bly dit vir 'n oomblik té lank donker. Waar is Pa? Waarom skakel hy nie die ligte aan nie wonder ons almal.

Meteens hoor ons 'n harde gekletter van agter die toe konsistoriedeur. Dan 'n benoude stem wat klink soos iemand wat 'n kragwoord uitroep. Uiteindelik gaan die ligte aan en kom Pa hinkende-pinkende die kerk binne en gaan sit weer op sy plek. Ons het later gehoor dat dit 'n paar opgestapelde opvoukerkbanke was waaroor hy in die donker geval het. Maar op daardie oomblik hou onse pa sy pose, nes 'n kat wat jy laat skrik het maar net 'n oomblik neem om weer kop omhoog aan te stap.

Hinkende-pinkende lei Langpiet van der Westhuizen daardie vroeë oggend sy gesin die nuwe dekade binne. Nie een van ons het toe geweet dat die Clydesdalemynramp slegs 21 dae ver was nie. Ons het nie geweet dat die PAC uit die ANC sou wegbreek en dat Sharpeville binnekort sou gebeur nie. Nie een van ons het die naam David Pratt geken en geweet watter Paasgeskenk hy vir dr. Verwoerd in gedagte gehad het nie. Ons het nie geweet dat 'n baba, Tito Mboweni, in 1960 gebore sou word nie. Ook nie dat 'n rockgroep "The Quarry Man" sy naam eers na "The Silver Beatles" en daarna sommer "The Beatles" sou verander nie. McMillan was nog op pad na Suid-Afrika om in Februarie daardie jaar sy bekende "Winds of change"-toespraak te kom lewer. Eisenhower, De Gaulle en Chroesjtjof was die groot wêreldleiers.

Dit was ons voorlaaste middernagdiens in Langlaagte. Die volgende jaar is my pa na Durban verplaas. Van al die middernagdienste is hierdie die een wat ek die duidelikste onthou. Seker maar Pa se "rimryery" en sy gehink en gepink die dekade binne.

May I live this day
Compassionate of heart,
Clear in word,
Gracious in awareness,
Courageous in thought,
Generous in love."
— John O'Donohue, To Bless the Space Between Us: A Book of Invocations and Blessings (Benedictus in Europe)

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877